Stella straat

Psalm 119:105-113

"U woord het ek lief"

Tuis-Adoramus 12 Julie 2020

– geskryf deur Willem Nicol

Tema: "U woord het ek lief"

Teks: Psalm 119:105-113

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuisadoramus alleen of saam met ander te doen. Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,
Willem, Anton, Tienie en Fay.

SKEP ATMOSFEER

Steek 'n kers aan of doen iets dergeliks om 'n atmosfeer van gebed en stilte te hê terwyl jy hierdie stiltetyd hou.

VOORBEREIDING op waaroor dit vandag gaan: Luister *Lead kindly light,* by https://www.youtube.com/watch?v=cvIJkteSnXQ

INLEIDENDE GEBED

Kom ons gebruik die geleentheid om woorde wat ons dikwels sing en goed ken, asof vir die eerste keer te sien: Totius se beryming van 'n deel van psalm 25. Let op hoe daar vir twee aspekte van God se werk gevra word: *leer* en *maak*.

Leer my, Heer, u regte weë,
wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë,
om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer,
lei my dwalende gedagte

want U is my heil, o Heer!
U is ek altyd te wagte.

INLEIDING TOT SKRIFLESING

Ons weet nie presies wanneer hierdie psalm gedig is nie, maar die Jode sou teen daardie tyd nog nie die hele Ou Testament gehad het soos ons dit het nie. Maar wat hulle toe reeds gehad het, het hulle beskou as komende van God, 'n gawe van Hom. Lees die gedeelte rustig, dalk 'n paar keer, en kyk watter woord of woorde "praat met jou" en vra nou dat jy hulle laat insink. Gee dan die geleentheid dat hulle in jou hart indring en wortel skiet.

Psalm 119:105-113
U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.
Ek het 'n eed afgelê, en daarby sal ek bly, om my aan u bepalings te hou.
Leer my u bepalings.
My lewe is gedurig in gevaar, daarom verontagsaam ek u Woord nie.
Die goddeloses stel vir my 'n strik, maar van u bevele wyk ek nie af nie.
Ek het u verordeninge as blywende erfporsie ontvang, ja, dit is die vreugde van my hart.
Ek rig my hart daarop om u voorskrifte altyd uit te voer, vir altyd, tot die einde toe.
U wet het ek lief.

EIE MEDITASIE

ONS LUISTER: *Heer, wees mijn Gids,* by https://www.youtube.com/watch?v=AgHd2_5jNJ8
(Dis dieselfde melodie wat ons reeds geluister het, maar heel anders gedoen).

OM VERDER OOR NA TE DINK:

- Ons kan ons voorstel dat die digter sy lewenspad sien as 'n klipperige, smal voetpaadjie waar dit dikwels moeilik is om sy voet reg te plaas. As 'n mens dit in die donker probeer loop, gaan jy seerkry. Maar nou is die Woord vir hom soos 'n lamp wat hy saamdra waardeur hy mooi kan sien hoe om te loop.
- Die digter het teenstanders wat dit vir hom moeilik maak om die regte keuses te maak. Maar nou is die Woord vir hom soos 'n skuilplek teen dié gevaar. Teenstanders kan ons byvoorbeeld in die versoeking bring om "kwaad vir kwaad te vergeld" (1 Tess 5:15), maar

die Woord lei ons weg van enige optrede wat dit openlik of bedek doen, van enige vorm van vergelding. So kan die Woord ons veilige skuilplek wees.

- Hierdie digter het die Woord so "lief" dat dit sy "vreugde" is om dit uit te leef.
- Kyk na jou omstandighede en lewenspad asof uit God se oogpunt. Tel die lamp van die Woord as 't ware op om die hele toneel duideliker te kan sien. Wat sien jy?

GEBED:

O, Gees van Vader en van Seun,
die pad wat ek in my oorblywende jare moet bewandel, is glad nie gelyk nie.
Daar is so baie waarteen ek my voet kan stamp, steiltes en soms 'n afgrond langs my.
Die keuses wat ek moet maak, is dikwels nie maklik nie. Ek kan maklik verkeerd trap.
Dit is nodig dat ek mooi kyk en onderskei, maar daar is soveel wat my visie beperk.
Ek is so vol ekkigheid en eiebelang dat ek dikwels nie verder kan kyk as wat my neus lank is nie.
Daarom dank ek U vandag vir die helder lamp van u Woord, vir die lig wat konstant op my pad val.
Ek vra: Maak my hart asseblief vry van selfsugtige kortsigtigheid.
Skenk my die vermoë om te onderskei wat u wonderlike wil vir my lewe is.

Leer my u wil, Heer, u doel met my –
U, Pottebakker, met my, die klei.
Vorm my en maak my volgens u wil;
op U vertrou ek, nederig stil. (Lied 528:1)

Amen.

SEËNBEDE

Vader, ons vra dat u goedheid en guns wat u Seun vir ons ontsluit het en u Gees na ons bring ons sal volg oral waar ons gaan, al ons dae.
Amen.